Laerskool Dr. Havinga

Waardegedrewe Innoverend Toekomsgerig

Andries Pretoriusstraat 29, Witpoortjie, 1724 * Posbus 3010, Witbeeck, 1729* Tel: (011)769-1670*
Fax: (011)762-3493 * www.drhavinga.co.za * admin@drhavinga.co.za

15 April 2020

Omsendbrief 7 van 2020 rakende die HUB - program.

Geagte ouers

Ons President het aangekondig dat die "lockdown" tydperk met nog twee weke verleng is. Ons het geen beheer daaroor nie maar ons het beheer oor die manier waarmee ons dit benader veral rakende ons skoolwerk.

By **#onsskool** is akademie prioriteit en het ons toe die skool gesluit het vir ons kinders werk gegee wat hulle sou besig hou tot 17 April. Ons volgende stap is om Maandag, 20 April te begin met ons unieke HUB -program (**H**avie **U**it**B**linkers program).

By Graad R - 3 sal jou kind se juffrou van Sondag, 19 April elke aand om 18:00 werk vir die volgende dag op WHATSAPP stuur. Vir Graad 1 sal net gefokus word op Afrikaans en Wiskunde en by Gr 2 en 3 Afrikaans, Wiskunde en so bietjie Engels.

Van Graad 4-7 sal die register personeellid van jou kind op Sondag, 19 April die week se werk vir die kinders op die klas se WHATSAPP-groep stuur. By Gr. 4 -7 sal gefokus word op Afrikaans, Engels en Wiskunde. Die program sal gebruik word tot die "lockdown" tydperk deur die President opgehef word.

Duidelike riglyne sal gegee word oor die werk wat voltooi moet word en wat die verwagting van die onderwyser is. Alhoewel ons van al ons kinders verwag om hulle werk met trots te voltooi (**want dit is wat ons HAVIES doen!**) sal daar ook vir elke leerder wat al hulle werk netjies en volledig voltooi het 'n spesiale verrassing wees sodra die skool begin!

Indien u tans nie op 'n WHATSAPP groep van die klas is nie, vra ek dat u asseblief so gou as moontlik 'n e-pos sal stuur aan haviefb@gmail.com. Van daar sal u gehelp word. Indien u weet van iemand wat sukkel om kontak te maak per e-pos kan u ook gerus namens hulle 'n e-pos stuur. Ons gaan die werk ook op D6 en die skool se webwerf laai sodat ons meer ouers kan bereik.

Ek weet dat ek op elke ouer kan staatmaak om ons te help om van die **HUB-program** 'n groot sukses te maak!

Dankie aan elke ouer wat al skoolfonds betaal het, ons waardeer dit ongelooflik! Dankie dat julle help om **#onsskool** die beste plek vir ons kinders te maak!

#BEBRAVEANDWORKHARD

Marius Swanepoel